## BOEKBESPREKINGS:

Janse, A.: *Eva's dochters.* Uitgeverij De Vuurbraak, Groningen. Tweede hersiene druk, ongedateerd. Eerste druk 1923. Harde band, 145 bladsye, R4,10, verkrygbaar by Pro Rege Boekhandel, Posbus 343, Potchefstroom.

Dit is nie sonder rede dat hierdie boek 'n tweede druk beleef het in ons tyd nie. Juis omdat wat reeds in 1923 daarin geskryf is so belangrik is vir ons tyd, het die Stigting Uitgawe Reformatoriese Boeke dit hersien en weer laat druk. Die subtitel is: De wijsheid van het Oude Testament over de plaats van de vrouw in die wereldgeschiedenis. Veral die eerste deel van die boek handel egter oor die realisme van die Bybel t.o.v. die nood en lyde van die wêreld en oor die Skriftuurlike evolusionêre verlossingsplan van God teenoor die revolusionêre neigings by humaniste wat verlossing deur die hand van die mens begeer. Die skrywer stel dat redding nie kom van belowende mense nie, maar van Gods belofte, nie deur kulturele ontwikkeling nie, maar deur Gods genade. Hy ontmasker die geveinsdheid van mense wat revolusionêr skree om gelykheid. Dis vir hulle reg dat die gepeupel paleise verwoes, maar laat 'n koning tog eens die ruite van 'n arme, hoewel miskien onregverdige, inslaan! Revolusie het altyd groot ellende meegebring. Dat na die revolusie soms wel positiewe groei kom, is nie toe te skryf aan die revolusie nie, maar aan die sterkheid van die gestel waarop die revolusie 'n aanslag gemaak het. Daardie gestel was so sterk dat die revolusie dit nie kon vernietig nie. Die skrywer wil die vrou in die sentrum plaas, en doen dit ook, maar gee tog baie waardevolle sieninge oor die geheel-toestand van die wêreld. Hy gee verrassende helder sieninge oor die vroue van die Ou Testament.

Die tweede druk van hierdie boek is op sy tyd in hierdie jaar. Miskien sal veral diegene wat wil praat van die jaar van die vrou daar groot baat by vind. 'n Bybelse siening soos hierdie kan help om die balans te laat behou. Waar revolusie nog steeds die metode van baie is om die wêreld te verander, kan dit nuttig wees om die klem van hierdie boek oor die plig tot reformasie, maar ook die plig tot lyde in getuienis vir die Here te aanvaar.

Die boek is netjies versorg. Dit lees maklik. Die gebrek aan goeie sisteem is deur die herdruk ietwat verbeter.

M. A. Kruger.

P. J. de Bruyn: *Kuisheid voor die Huwelik.* Tweede druk, 1974. Pro Rege-Pers, Potchefstroom. 118 bladsye. Prys: R2,25.

Ds. de Bruyn is bekend as skrywer en veral dan een wat uit die Woord praktiese advies aan die Christen bied vanaf die kinderdae tot die ouderdom.

Hierdie boek is gerig tot die Christenjongmens, bepaald in sy/haar verhouding tot die ander geslag voor die huwelik. Dit dek in 'n kort bestek 'n baie wye veld — meer as 100 outoriteite is geraad-

pleeg. Vir 'n groot deel bestaan die boek uit sieninge van die deskundiges wat na die leser deurgegee word.

Die skrywer noem die gevare en die sondes onomwonde. Hy is konserwatief en neem duidelik stelling in teen alle aspekte van die sg. nuwe moraal. Miskien is hy soms bietjie negatief in sy benadering: Te veel vrees vir die uitwasse en te min waardering vir die goddelike gawe van die seksualiteit (vergelyk die mineurtoon in Hfst. I „Leiding om lyding te voorkom" waarin die uitgangspunte gestel word). Dit is egter begryplik want die skrywer wil veral waarsku.

Hy waarsku baie pertinent uit die Woord. Sy uitgangspunt in hierdie verband lui op bladsy 16: „Daarom is dit vir ons so uiters noodsaaklik om te weet wat geskrywe staan in dié Boek wat Billy Graham noem die beste ‚handboek' oor seks van alle tye, naamlik die Woord van God. Wat sê God daarin aan ons oor die seksualiteit?" Miskien word die „voorbeeldwaarde" van figure in die Bybel te veel gebruik ter illustrasie vir en waarskuwing van die Christen in sy seksuele lewe. Die Bybel as *lewende verlossingswoord* van God in Jesus Christus, soos wat dit die sondaar wederbaar tot 'n nuwe lewe, deur die werk van die Heilige Gees, sou m.i. *sterker motiveer* tot kuisheid as heenwysing na Bybelse voorbeelde of Bybelse gebeurtenisse wat eintlik nie uit hulle historiese bepaaldheid losgemaak kan word nie. Mens kan tog seker nie na die Woord van God as „handboek" vir seks of enige ander bepaalde saak verwys nie, al word dit hoe goed bedoel!

Die skrywer se omskrywing van „hoerery" in Hfst. VI lyk vir my nie steekhoudend nie. In die hoofstuk, getiteld „Seksuele omgang voor die huwelik — God verbied dit", word voorhuwelikse omgang sonder meer bestempel as hoerery; vgl. bl. 38: „Hoerery . . . dit is alle seksuele of geslagtelike omgang en gemeenskap buite die huwelik, dit wil sê voor die huweliksbevestiging plaasvind, of as dit na die huweliksbevestiging plaasvind met 'n ander man of vrou as die een waarmee jy getroud is". Dit lyk my die Skrif sien „hoerery" *altyd* as *ontrou* teenoor dié een aan wie jy trou beloof het. In dié sin word Israel se verbondsontrou beskryf as Gods volk van Hom „afhoereer". Die Skrif gee m.i. geen grond om voorhuwelikse omgang tussen twee wat mekaar trou beloof het, sonder meer as hoerery te bestempel nie, soos die skrywer dit wel onomwonde doen. Wel toon hy tereg mooi en oortuigend aan dat voorhuwelikse gemeenskap onder alle omstandighede teen God se geopenbaarde wil ingaan.

In hierdie boek het het jongmense veral 'n baie duidelike en waardevolle wegwyser. Dit word sterk aanbeveel as 'n werk wat met groot vrug gelees kan word. Die groot verdienste lê m.i. daarin dat dit die jongman en -meisie absoluut sal oortuig dat voorhuwelikse omgang nie net teen Gods wil ingaan nie, maar veral dat dit hoegenaamd nie die moeite werd is nie, en nie die vreugde bied wat verwag word nie, al is die liefde (?) hoe innig.

D. Postma.

*Heeft God in Afrika een ander gelaat?*, naar aanleiding van: prof. dr. D. Bosch, Het Evangelie in Afrikaans gewaad, uitg. J. H. Kok, Kampen 1974.

Wie weten wil met welke problemen de zending in Afrika worstelt moet zeker het boek van prof. Bosch nie ongelezen laten. De schrijver is een leerling van de bekende nieuw-testamenticus Oscar Cullmann uit Basel. Gedurende een lange periode is prof. Bosch als zendeling onder de Xhosa's in de Transkei werkzaam geweest. Ook was hij enkele jaren docent aan de Theol. School van de N.G. Kerk in de Transkei te De Coligny. Nu is hij hoogleraar in de zendingwetenschap aan de Universiteit van Suid-Afrika te Pretoria. Tevens is hij hoofredakteur van het zendingstijdschrift Missionalia.

Prof. Bosch heeft zich in zijn verschillende publicaties laten kennen als een groot geleerde en als een man met een diepe liefde voor de zending. Ook al verschilt men met hem van overtuiging, nimmer kan men zich onttrekken aan de invloed van deze sympathieke persoonlijkheid. Een ontmoeting met dr. David Bosch is altijd een bizondere ervaring. Om deze reden zal men gretig grijpen naar de jongste publicatie van deze toegewijde zendeling.

Bosch geeft in zijn boek vier hoofdstukken, die eigenlijk vier verschillende referaten zijn. Deze voordrachten zijn gehouden als gastcolleges aan verschillende Nederlandse Universiteiten en Theol. Hogescholen. De onderwerpen die de schrijver behandelt, lopen wel uiteen, maar hebben toch ook verschillende raakvlakken. Het eerste hoofdstuk handelt over het vraagstuk van een eigen theologie voor Afrika. Het tweede hoofdstuk brengt ons bij de Godsleer: God in Afrika. In het derde hoofdstuk wordt één van de moeilijkste problemen van het kwaad behandelt. En laatstens bespreekt Bosch de verschillende stromingen van de Zuid-Afrikaanse Zwarte Theologie.

Een groot bezwaar van deze opzet is — en Bosch heeft dit zelf aangevoeld — dat de eenheidsgedachte van het boek in het gedrang gekomen is, terwijl anderzijds enkele overlappingen onvermijdelijk bleken. Zo ontmoeten we bijvoorbeeld op p. 46 en p. 86 als ook op p. 50 en p. 77 dezelfde citaten. Dit doet echter niets af van het feit dat dr. Bosch een geschrift het licht deed zien, dat alleszins de moeite waard is om te lezen. Vooral het derde hoofdstuk waarin het probleem van het kwaad behandeld is, is bizonder inzichtgevend. Hij laat zien hoe het zondebesef nauw samenhangt met de kennis van God, zoals Calvijn dit ook doet aan het begin van zijn Institutie.

Breedvoerig bespreekt Bosch in dit hoofdstuk de vraag of de godsdiensten in Afrika dualistisch dan wel monistisch zijn, d.w.z. gelooft de heidense bewoner van Afrika in twee goden, een als de verpersoonlijking van het goede en een tweede als de oorsprong van het kwaad of gelooft hij in één Opperwezen, die zowel van het goed als het kwaad de oorsprong is (p. 62—77). Ook maakt Bosch een onderscheiding tussen „fysisch" en „moreel" kwaad, wij zouden zeggen tussen de zonde zelf en de gevolgen van de zonde (p. 76—81). Hij komt dan tot de conclusie dat volgens de heidense beschouwing er slechts één god is, die op een afstand goed is (de transcendente god), maar van dichtbij „gevaarlijk" is (de immanente god), p. 67.

Uit dit hoofdstuk blijkt ook hoe goed prof. Bosch zich ingegraven heeft in de Bantoe-godsdiensten.

Zondekennis en Godskennis zijn onafscheidelijk met elkaar verbonden. Daarom doet dr. Bosch in zijn boek veel moeite om het Godsbeeld duidelijk te maken. God moet op het zendingsveld verkondigd worden. Hierbij is de noodzaak van de wedergeboorte (p. 27) en het werk van de Heilige Geest (p. 29) door prof. Bosch als van alles beheersend belang aangewezen. Maar toch moeten we juist op dit punt critiek leveren op de beschouwing van prof. Bosch. Hij heeft zijn boek uitgegeven onder de titel: Het Evangelie in Afrikaans gewaad. Deze titel dekt echter niet het boek. In zijn boek komt veeleer de theologie ter sprake en dan met name de Godsleer. Bosch bespreekt eerst het probleem van „verinheemsing" van de jonge kerken (p. 10 e.v.), en de term als zodanig wijst hij af (p. 13), want hij wil niets van een ethnische kerk weten (p. 14). Hierover verschil ik echter. Ik geloof dat de kerk wel terdege ethnisch gestructureerd is. Vervolgens betwijfelt Bosch de juistheid van het feit dat de kerk in Afrika de Belijdenisgeschriften van de oude kerk zo maar moet overnemen. Hij vreest dat wat in de oecumenische symbolen en ook in de latere Belijdenisgeschriften geleerd wordt de christen op het zendingsveld niet zal aanspreken (p. 13). Hij pleit daarom voor een critische houding tegenover de traditie van de kerk en ook tegenover de traditionele kerklijke uitspraken. Dit acht ik uitermate gevaarlijk. Bosch vindt in deze uitspraken te veel van het Grieks metafysische denken. Is dit werklijk waar? De oude dogma's van de kerk hebben toch ook de functie om ons bij het ware geloof te bewaren. Bosch is er zelf een voorbeeld van wat er gebeurt als wij de oude belijdenis der kerk zo gemakkelijk aan de kant schuiven. We willen dan alles wat de kerk in de loop der eeuwen gedacht, uitgesproken en geleerd heeft, nog weer eens gaan overdoen. Het gevaar dat we dat verkeerd gaan doen is niet denkbeeldig, en Bosch is zelf een waarschuwend voorbeeld. Er komt uit zijn boek een ander Godsbeeld te voorschijn; nl. een Godsbeeld die de vraag wettigt: heeft God in Afrika een ander gelaat? Daarom zou de titel van zijn boek ook beter hebben kunnen luiden: *God* in Afrikaans gewaad, i.p.v. Het Evangelie in Afrikaans gewaad. De schrijver tekent eerst het Godsbeeld uit de Heilige Schrift. Jahweh de God van Israël vertoonde aldus Bosch een zekere continuïteit met El, de god van de heidenen, van de omwonende volken (p. 52). Er vond een zekere assimilatie en integratie plaats tussen Jahweh en El (p. 52). De godsnaam El is met een nieuwe inhoud gevuld en daarom bruikbaar (p. 53).

Bosch wijst dan op Paulus, die in zijn bekende Areopagusrede zich aansloot bij de godsvoorstelling van de Atheners. Zo moeten wij ook op het zendingsveld ons aansluiten bij de godsvoorstelling van de inheemse volken. Zo moeten de oude goden van Afrika sterven, ten einde te kunnen opstaan tot een nieuw leven (p. 54). Bosch werkt met de begrippen continuïteit en discontinuïteit als hij God vergelijkt met de afgoden (p. 36, 53).

Zoals in de Semitische wereld de godsnaam El met een nieuwe

inhoud gevuld is en daarom bruikbaar is geworden (p. 53) zo moeten wij ook de godsnaam van de Zulu's Nkulukulu of van de Basotho Modimo met een nieuwe inhoud vullen (p. 53).

Bosch komt dan tot de verreikende conclusie dat God in Afrika uiteindelijk anders gaat lijken dan de God in Europa (p. 57), zoals de God van de Paulinische zendingsgemeenten er ook anders uitzag dan Jahweh van het Oude Testament. Hij is daar langzamerhand in een Grieks gewaad gekleed. En wij zullen een grote flater begaan als wij Hem met zijn Griekse draperingen in Afrika willen brengen (p. 57).

Ik vind dit wel erg bevreemdend. Nu pleit Bosch voor een theologia oecumenica (p. 14) en tegelijk proclameert hij een godsbeeld dat sterk ethnisch gekleurd is.

Wanneer de Heilige Geest ons door de verkondiging van het Evangelie brengt tot de ware kennis van God dan leren wij Hem toch kennen en liefhebben zoals Hij Zich in Zijn Woord geopenbaard heeft? Dit hebben toch ook onze confessies willen vastleggen.

Er is mijns inziens geen bezwaar om te spreken van continuïteit en discontinuïteit wanneer we God met de ander goden vergelijken. Maar dan moet er iets bij gezegd worden. Er is continuïteit of overeenkomst in de benaming, maar er is discontinuïteit in het wezen.

Zo noemt ook de profeet Hosea God Baäl, maar dan bedoelt hij toch Jahweh, de God van Israël. Wanneer een boer in Zeeland of een Bantu in Zuid-Afrika tot bekering komt dan leren beide dezelfde God kennen ook al noemen ze Hem ieder in zijn eigen taal anders. Maar al wordt God anders genoemd daarmee heet Hij in een ander werelddeel nog geen andere trekken en lijkt Hij in Afrika niet anders dan in Europa. Door het geloof in Jezus Christus leren we Hem als Vader kennen. Gaat het niet te ver als we beweren dat als een Zulu die Hem met Nkulukulu aanspreekt God dan Zulutrekken aangenomen heeft?

Bosch wil het „hart" van het Afrikaanse godsbegrip bloot leggen en dit „hart" moet dan tot een ware ontmoeting gebracht worden met het „hart" van Gods zelfopenbaring in de Schrift (p. 58). Maar dan zal toch ondanks alle continuïteit in benaming de afrikaanse god als een afgod ontmaskerd moeten worden.

Mijns inziens doet Bosch niet voldoende recht aan het belangrijke feit dat God Zich *openbaart.* Hij is de Deus Revelatus, de geopenbaarde God, die wij alleen in het geloof kunnen kennen.

Tenslotte geeft Bosch een zeer interessante opsomming van de z.g. Zwarte Theologie. Met veel begrip treedt hij de voorstanders van deze theologie tegemoet. Ik had graag duidelijker gezien dat er ook in deze theologie rassistiese elementen zijn te vinden, en dat de slavernij waaruit de Zwarte Theologie oproept om verlost te worden, in de Bijbel een veel diepere dimensie heeft, nl. de verlossing van de schuld en de zonde en uit de macht van de zonde en de dood.

L. Floor.

Dr. H. Mulder, *Jakobus en de oudsten in de boeken van Lucas* (Exegetica, Nieuwe Reeks 1). Uitg. Ton Bolland, Amsterdam 1972, prys by intekening op serie *f5.90* en afsonderlike dele *f*7.90.

Die boek van dr. H. Mulder is die eerste deel van die nuwe reeks Exegetica, Oud- en Nieuwtestamentische studiën. 'n Aantal jare gelede was Exegetica 'n bekende serie op die teologiese boekemark. Die eerste serie het onder leiding gestaan van prof. F. W. Grosheide. 'n Hele aantal waardevolle monografieë het in die eerste reeks van Exegita verskyn.

In die nuwe serie wat nou onder leiding staan van prof. W. C. van Unnik sal onder meer verskyn „De Targum op Job" deur dr. B. Jongeling. Prof. M. J. Mulder sal in hierdie reeks met 'n publikasie kom oor „De Targum op het Hooglied". Dan sal die bekende prof. Th. C. Vriezen 'n studie publiseer oor: „De verkiezing van Israël volgens het Oude Testament".

Die eerste publikasie in die nuwe serie is die boek van dr. Mulder oor Jakobus. Mulder teken vir ons Jakobus, die broeder van Jesus, as 'n man wat op Goeie Vrydag tot bekering gekom het (p. 26—33). Na die dood van Stefanus het Jakobus die leier geword van die Joodse Christene (p. 15—25, 62 e.v.). Rondom Jakobus figureer 'n kring van „oudstes" (p. 15 e.v.).

Mulder sien 'n teenstelling tussen Jakobus en Johannes die Doper. By Johannes die Doper vind ons die nasireërskap in verband met die priesterskap, terwyl ons by Jakobus die nasireërskap verbonde sien met die koningskap van 'n „davidide" (p. 66 e.v.).

Die nuwe Israel wat rondom Jakobus gegroepeer is, is volgens Mulder almal gelowige lede van die volk Israel. Hulle erken wel dat daar ook Christene uit die heidene is, maar hulle weier om daarmee gemeenskap te onderhou (p. 75 e.v.).

Daar was dus, aldus Mulder, in die jong Kerk na Pinkster duidelik twee groepe van Christene nl. uit die Jode en uit die heidene wat enigsins polariserend teenoor mekaar gestaan het. Tot 'n konflik tussen hierdie twee vleuels in die jong Kerk het dit nie gekom nie, aangesien Jakobus voor die tyd weggeneem is.

Daar is baie om te waardeer in Mulder se studie oor Jakobus. In die eerste plek is sy uitgangspunt prysenswaardig. Mulder weier om die twee boeke van Lukas, die Evangelie en die Handelinge op te deel in verskillende bronne. Skrifgelowig en Skrifgebonde gaan Mulder eenvoudig uit van wat Lukas as skrywer aan ons oorgelewer het.

In die tweede plek bewys die skrywer hom as 'n groot kenner van die geskiedenis van die jong Kerk na Pinkster. Ook sy ander geskrifte het daarvan reeds 'n bewys gelewer. Sy talryke literatuurverwysings in hierdie studie bewys weer diep die skrywer hom in sy stof ingegrawe het.

Tog het ons teen hierdie boeiende studie een groot beswaar. Dit lyk of Mulder self die beswaar reeds aangevoel het. Hy het nl. sy studie gepubliseer onder 'n motto van Samuel Sandmel: „What troubles me most about Acts is not the material that it contains

but a host of matters about which it is totally silent".

Uit dinge wat nie deur Lukas vermeld word nie rekonstrueer Mulder soms argumente wat nie bewys kan word nie. So kom Mulder byvoorbeeld tot die sterk uitspraak dat op die vergadering in Jerusalem „allen... tot een eenstemming besluit gekomen zijn, toch niet op grond van dezelfde overwegingen met dit accoord hebben ingestemd" (p. 82). Die Bybel sê egter baie duidelik vir ons dat daardie belangrike besluit geneem is onder die leiding van die Heilige Gees (Hand. 15 : 28). Mulder beskou die besluit meer as 'n kerkpolitiese formule wat dan deur Lukas as 'n besluit van die Heilige Gees beskou word om dit geloofwaardig te maak.

Ondanks hierdie kritiek kan ons die studie van dr. Mulder baie hartlik aanbeveel. Hy behandel sy onderwerp op 'n helder en boeiende wyse. Dit gee 'n verrassende insig in die ontwikkeling van die jong Kerk na Pinkster.

Die uitgewer Bolland het 'n baie netjiese boek met 'n helder lettertipe en 'n mooi omslag op die mark gebring.

L.F.

**BOEKE ONTVANG:**

Dr. J. van Bruggen, *Emancipatie en Bijbel,* 1975, Uitgeverij Tom Bolland. Prys R3,95.

Dr. J. G. Woeldering, *Verbond en bevinding,* 1974, Uitgeverij Tom Bolland. Prys R9,47.

Dr. J. Ouweneel, *Operatie Supermens,* 1975, Uitgeverij De Vuurbaak. Prys R10,13.

Prof. J. Kamphuis, *Isaäc De Costa en de afscheiding van 1834,* Uitgeverij De Vuurbaak. Prys R4,60.

Dr. Joh. Francke, *Gerechtigheiduit het geloof, Schetsenbundel over de brief aan de christenen te Rome,* Uitgeverij De Vuurbaak. Prys R1,80.